*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

**This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.**

**Help ensure our sustainability.**

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
http://ageconsearch.umn.edu
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

1989

JAARLIKSE KONFERENSIE

VAN DIE

LANDBOU-EKONOMIEVERENIGING

VAN SUIDER-AFRIKA

# VERRIGTINGE/PROCEEDINGS

ANNUAL CONFERENCE

OF THE

AGRICULTURAL ECONOMICS

ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA

25 - 27 SEPTEMBER 1989 BLOEMFONTEIN

ISBN 0 620 14741 5

# TOEKOMSTIGE SOSIO-POLITIEKE SCENARIO'S EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE LANDBOU

*Le Roux P*[1]

## 1. Inleiding

In die referaat gaan aan 'n baie kontroversiële aangeleentheid aandag gegee word. Wat is die moontlike toekomstig sosio-politieke scenario's vir Suid-Afrika en wat is die implikasie van elk van die scenario's vir die ekonomiese stelsel, en meer spesifiek, vir die landbou.

In teorie is die spektrum van moontlike toekomstige scenario's byna onbeperk. 'n Nuwe Hitler mag binne die volgende paar jaar in Duitsland, of moontlik dié keer in Frankryk, oorneem, die wêreld in 'n oorlog dompel, en Suid-Afrika mag vir altyd met apartheid bly voortleef. Of, Libië mag die PAC help om met die mees moderne wapens Suid-Afrika in te neem, en, nadat die Suid-Afrikaanse leër verslaan en 'n groot deel van die wit bevolking geforseer is om Suid-Afrika te verlaat, die staat Azanië hier uit te roep.

In werklikheid is dit duidelik dat hierdie, en baie van die ander toekomsvisies vir Suid-Afrika, nie ernstig opgeneem hoef te word nie. As wetenskaplikes is dit ons plig om die drogbeelde te vermy. Daarom wil ek net die aandag fokus op scenario's wat inderdaad onder bepaalde redelikerwys voorsienbare omstandighede gerealiseer sal kan word.

In die breë voorsien ek drie moontlike uitkomste vir die ekonomiese en politieke krisis waarin Suid-Afrika hom vandag bevind.

Eerstens is dit moontlik dat die regering met die regse partye se steun uiteindelik besluit om hulle rug op die wêreld te draai en in 'n staat van beleg in te beweeg eerder as om toe te gee aan druk wat op Suid-Afrika uitgeoefen word.

Tweedens is dit moontlik dat 'n internasionaal aanvaarbare skikking bereik word. So 'n skikking sal 'n meerderheidsregering beteken, maar mag bepaalde waarborge ten opsigte van ekonomiese belange, insluitende landboubelange, insluit.

'n Derde moontlikheid, wat slegs kan volg na 'n langdurige staat van beleg, is die oorname van die regering deur die radikale vleuel van die ANC of deur die PAC, en die daarstelling van 'n radikaal sosialistiese staat met sterk sentralistiese beheermeganismes.

---

1. *Direkteur Instituut Sosiale Ontwikkeling, Universiteit Wes-Kaapland.*

Bepaalde mengsels van hierdie scenario's wat ek voorsien, is natuurlik ook moontlik. So mag 'n skikking bereik word na 'n redelik kortstondige belegekonomie. In die breë is dit egter myns insiens klaarblyklik die drie tipe rigtings waarin ons sosio-politieke bestel kan beweeg.

## 2. Teoretiese vertrekpunt

Uit my inleiding blyk dit duidelik dat ek nie aanvaar dat die toekoms gepredetermineerd is nie. Ek aanvaar nie dat daar neo-klassieke wetmatighede is wat Suid-Afrika op die ontwikkelings-pad na kapitalisme sal stuur, soos wat deur mense soos Michael O'Dowd in terme van die Rostowiaanse groeifase model geargumenteer is nie. Nóg is daar histories materialistiese wetmatighede, wat ons onafwendbaar op 'n sosialistiese bestel afstuur.

Die teoretiese uitgangspunt wat ek hier aanvaar is die van Anthony Giddens, die bekende Britse sosioloog wat betoog dat die mens sy eie toekoms skep, maar nie onder omstandighede van sy keuse nie, nóg met die gevolge wat hy beoog.

Deur die optrede van die verskillende groepe en klasse wat in Suid-Afrika in stryd met mekaar verkeer, word ons toekoms geskep, maar indien ons die verkeerde keuses maak, mag ons juis die toekoms help skep wat ons beoog het om te vermy. So byvoorbeeld is sommige van die optredes wat voorgestel word om te voorkom dat Suid-Afrika in 'n totalitêr Marxistiese staat oorgaan, goed moontlik juis die tipe optrede wat sal verseker dat Suid-Afrika in so 'n toekoms beland. Net so is daar van die optredes wat voorgestel word deur diegene wat in alle opregtheid hoop dat hulle daardeur armoede in Suid-Afrika sal bestry, wat waarskynlik tot gevolg sal hê dat Suid-Afrika nooit sy potensiaal sal verwesenlik om teen 'n snelle koers armoede in ons land uit te wis nie.

Ook in die geval van die landbou is dit goed moontlik dat juis die optredes deur die gevestigde belangegroepe wat daarop gemik is om in die toekoms stabiliteit in die sektor te verseker, uiteindelik tot 'n radikale omverwerping van die orde aanleiding mag gee. Aan die anderkant, is dit ook hoogs waarskynlik dat van die optredes wat radikale groepe in die vooruitsig stel omdat hulle glo dat dit die situasie van die landbouarbeiders dramaties sal verbeter, nie alleen die potensiaal van die sektor om aan baie Suid-Afrikaners 'n goeie heenkome te bied, sal ondergrawe nie, maar dat dit selfs die vermoë van ons landbousektor om aan almal se basiese voedselbehoeftes te voldoen, sal vernietig.

'n Groep of 'n klas kan egter, indien hulle wel diep besin oor die situasie waarin hulle hulself bevind en oor die moontlike uitkomste van verskillende optrede, gevolge wat andersins nie voorsien sou wees nie, vermy.

Alhoewel ek nie in die referaat as sulks verder aan die teoretiese grondslag aandag sal gee nie, sal u duidelik merk dat ek in my analise die determinisme, wat so kenmerkend is van baie van die denke aan links en regs, verwerp. Maar om te ontken dat die toekoms struktureel gedetermineer is, beteken nie dat mens in 'n Satreaanse eksistensialisme verval nie. In terme van Giddens se struktureringsteorie kan die mens nie die strukturele eienskappe van 'n samelewing ignoreer nie. Ten beste kan mens dit transformeer. En spesifiek in die Suid-Afrikaanse situasie glo ek dat drie verskillende tipes transformasies moontlik mag wees.

## 3. 'n Staat van Beleg

Een van die keuses wat Suid-Afrikaners kan uitoefen is om in 'n staat van beleg in te beweeg. Die keuse sal gemaak word beide deur diegene aan die regterkant van die spektrum wat nie bereid is om die minimum aanpassings te maak wat nodig is om die pogings om Suid-Afrika steeds meer te isoleer teen te werk nie, en deur diegene op die linkerkant wat poog om die voorwaardes vir 'n skikking so radikaal te maak dat 'n skikking in die wiele gery sal word. Sommige sal baie bewustelik die opsie uitoefen - ander sal in 'n belegekonomie vasgevang word net omdat hulle kortsigtiglik bepaalde opsies uitoefen, sonder dat hulle oor die langtermyn konsekwensies dink.

In 'n staat van beleg sal Suid-Afrika op 'n steeds groter skaal ekonomies, polities, kutureel en akademies geïsoleer word, terwyl die militêre aanslae teen Suid-Afrika steeds 'n groter omvang sal aanneem. Presies hoe vinnig die proses sal plaasvind, kan nie onder huidige omstandighede voorspel word nie. Indien Thatcher en Kohl in die volgende verkiesings in Engeland en Duitsland verslaan sal word, is die kanse heelwat groter dat die ekonomiese en politieke isolasie vinnig sal kom. Na 1992 is dit in elk geval waarskynlik dat die Europese Gemeenskapsmark op 'n standaard benadering teenoor Suid-Afrika moet besluit en mag sanksies selfs teen die wil van 'n Thatcher of 'n Kohl ingestel word.

Hoe lank Suid-Afrika so 'n staat van beleg sal kan oorleef, is op dié stadium nie maklik om te voorspel nie. Selfs al word verpligte ekonomiese sanksies deur die Veiligheidsraad uitgeroep, sal die Suid-Afrikaanse ekonomie minstens 'n dekade kan staande bly, en as daar genoeg gapings gevind kan word, is dit moontlik dat die ekonomie selfs vir 'n twee dekades of langer sal oorleef, maar uiteindelik sal dit in duie stort.

Daar is diegene wat glo dat Suid-Afrika, as dit eers geïsoleer is, uit die kalklig sal verdwyn en met verdrag weer in die wêreldekonomie geïntegreer sal word, terwyl ons intern sal kan terugkeer na die politieke stabiliteit van vroeëre jare. Daar is, myns insiens, egter geen twyfel dat dit 'n hersenskim is om te glo dat ons die klok na die jare sestig sal kan terugdraai nie. In die tydsgewrig waarin Suid-Afrika homself vandag

bevind, is daar geen wyse waarop ons kan voorkom dat die ekonomiese en politieke isolasie toeneem anders as via 'n skikking van ons interne politieke probleme nie.

Seker die enkel belangrikste rede waarom die "apartheid as usual" scenario nie gerealiseer kan word nie, is die bewussynsverandering wat in die swart gemeenskappe self plaasgevind het. Met die snelle ekonomiese ontwikkeling wat Suid-Afrika in die jare na die Tweede Wêreldoorlog gehad het, was dit uiteindelik noodsaaklik om, gegewe die geweldige tekorte aan geskoolde arbeid, aan meer en meer kinders sekondêre onderwys te gee. Die swart skoliere en studente het besin oor wat in die res van Afrika en in die Verenigde State aan die gebeur was. Die val van die Portugese regime in Angola en Mosambiek het die oortuiging laat posvat dat ook hulle uiteindelik nie meer slawe in hulle eie land sou wees nie.

Die swart bewussyn beweging mag vandag nie meer polities dominant wees in weerstandskringe nie, maar die basiese uitgangspunt dat wit oorheersing ten alle koste teengestaan moet word, word nou deur die groot meerderheid swart Suid-Afrikaners aanvaar.

Interne stabiliteit kan nie meer so maklik afgedwing word soos wat in die vyftiger- en die sestigerjare die geval was nie. Swart Suid-Afrikaners aanvaar nie meer dat môre soos gister sal wees nie. Die raamwerk waaruit hulle die werklikheid interpreteer, het dramaties verander.

Van byna ewe groot belang as die interne veranderings in bewussyn, is die veranderinge in die persepsie wat internasionaal oor Suid-Afrika gehuldig word. Die gewelddadige konflik van 1984 en 1985 het Suid-Afrika gedurig in die nuus gehou. Die oortuiging dat die Suid-Afrikaanse bestel onregverdig is en tot 'n einde gebring moet word, het algemeen posgevat. Met die uitsondering van die ekstreme regse groepe, word die bestaande bedeling in Suid-Afrika deur alle Europeërs en Amerikaners, insluitende die konserwatiewe groepe, verwerp. Dat die Suid-Afrikaanse bestel tot 'n einde gebring moet word, is klaarblyklik ook die een aangeleentheid waaroor alle Afrika-lande kan saamstem. Inderdaad, in alle derde wêreldlande, selfs buite Afrika, word 'n bestel wat op grond van rasklassifikasie voorregte aan een groep bo 'n ander vergun, nie net verwerp nie, maar as 'n persoonlike belediging aanvaar.

Die enigste saak waaroor daar in invloedryke kringe in die buiteland verskil word, is hoe veranderinge ten beste in Suid-Afrika teweeg gebring kan word. Hoe langer die Suid-Afrikaanse regering sou poog om die ou bedeling in stand te hou, hoe 'n groter persentasie van die buitelanders wat ten gunste van sterk ekonomiese sanksies teen Suid-Afrika sal uitkom. 'n Staat van beleg sal nie die aandag van Suid-Afrika afneem nie. Die teendeel is eerder waar.

Ekonome verskil oor die korttermyn konsekwensies van 'n staat van beleg. Daar is sommige wat glo dat Suid-Afrika, soos Rhodesië net na die eensydige onafhanklikheidsverklaring, aanvanklik in 'n opswaaifase sal ingaan soos wat meer van die goedere wat vroeë ingevoer is, plaaslik vervaardig word. Ander meen dat Suid-Afrika reeds invoervervanging so ver gevoer het dat daar nie sprake sal wees van enige betekenisvolle ekonomiese oplewing nie. Oor die langtermyngevolge skyn daar min twyfel te wees: hoe langer die staat van beleg sal duur, hoe stadiger sal die ekonomie groei. Hoe lank die Suid-Afrikaanse ekonomie sal oorleef, hang af van hoe suksesvol sanksies omseil kan word, van hoe fel die militêre stryd sal wees en van die graad van radikalisering van die werkersmag. Dat die ekonomie uiteindelik al hoe meer sal agteruitgaan, is egter seker.

Die gevolge van 'n belegekonomie sal onmiddellik gevoel word deur daardie sektore van die landbou wat van 'n uitvoermark afhanklik is. Alhoewel daar altyd maniere sal wees om sanksies te ontduik, is dit waarskynlik dat die kanale mettertyd toegestop sal word. Sanksie-ontduikingspogings stoot natuurlik ook kostes op en sny winsmarges. En in die mate wat meer van die produkte plaaslik verkoop word, daal die plaaslike markprys natuurlik ook.

Die stadiger ekonomiese groei en uiteindelike ekonomiese agteruitgang van die Suid-Afrikaanse ekonomie sal natuurlik al die landbousektore raak - ook die wat nie direk van 'n uitvoermark afhanklik is nie. Plaaslike markte sal stadig groei, belastings sal nog meer styg, regeringsubsidies vir die landbou sal verder daal. Nuwe landbou-implemente sal nie meer ingevoer kan word nie en plaaslik vervaardigde implemente sal duurder word as alle onderdele plaaslik vervaardig moet word. Saam met die ekonomie as geheel sal die landbou in 'n belegsituasie stagneer en uiteindelik agteruit gaan.

'n Ekonomie onder langdurige beleg is soos 'n pasiënt met 'n ongeneeslike kanker. Dit is moeilik om te voorspel hoe lank die pasiënt sal oorleef: hy sal waarskynlik vir homself na kwaksalwers wend en glo dat 'n wonderwerk in sy geval moontlik sal wees: maar die onverbiddelike verloop van siekte kan nie gestuit word nie. En hoe langer die duur van die siekte, hoe kwaaier sal die lyding wees voordat die onafwendbare in die gesig gestaar moet word.

## 4. 'n Revolusionêre sosialisme

'n Metafoor kan nie te ver geneem word nie. In die geval van die belegekonomie is dit van kardinale belang hoe lank die beleg sal duur. Hoe langer die duur, hoe meer waarskynlik is dit myns insiens dat die stelsel wat daarna gevestig sal word, van 'n revolusionêr sosialistiese aard sal wees. Daar is 'n aantal redes vir hierdie oortuiging.

Die ekonomiese omstandighede na 'n lang beleg sal werklik haglik weees. In stede van die huidige 25%, sal soveel as 50% van die swart bevolking werkloos wees. Siende dat die gemiddelde ekonomiese groeikoers gedurende 'n beleg heelwat stadiger as die groeikoers van die bevolking sal wees, sal alle sosiale probleme soos byvoorbeeld die behuisingsnood, ondervoeding van die swart kinders, kriminaliteit in die swart gebiede ensovoorts 'n baie groter omvang hê as wat vandag die geval is. Die land mag ook swaar ly aan die gevolge van 'n burgeroorlog. In sulke omstandighede sal die verwagting op die regering wat na die beleg oorneem só groot wees, dat die kanse dat 'n vinnige oplossing in radikaal sosialistiese maatreëls gesoek mag word, groot sal wees.

Die verandering in die magsbalans wat 'n lang belegekonomie, met die gepaardgaande lang en uitgerekte militêre stryd, in die ANC en moontlik tussen die ANC en die PAC, tot gevolg mag hê, kan ook die waarskynlikheid van 'n radikale bedeling verhoog. Binne-in die ANC sal 'n langdurige militêre konflik die posisie van die militêre vleuel verstewig. Die bevelstrukture in die militêre vleuel leen hulleself tot 'n bevelekonomie, en die eenvoudige politiek ekonomiese indoktrinasie waaraan die politieke kommissarisse die ANC vegters onderwerp, is deurdrenk van outydse Marxistiese konsepte. Intern is die jonger aktiviste ook ekonomies baie meer radikaal as die ouer leiding van die ANC. Hoe langer die stryd voor oorname, hoe meer waarskynlik dat die meer radikale vleuel van die ANC in beheer sal wees. Verder, as dit 'n lang stryd is, mag die meer radikale PAC, met sy sterk anti-wit retoriek *(u het seker ook gehoor van die PAC slagspreuk, "One setler, one bullet")* oorneem. Die PAC, in teenstelling met die ANC, is ondubbelsinnig tot 'n sosialistiese ekonomie verbind.

Onder so 'n sosialistiese bedeling sal groot dele van die landbousektor waarskynlik genasionaliseer word, moontlik sonder enige vergoeding. Of die boerdery uiteindelik deur koöperatiewes, deur die staat self, of deur klein swart boere behartig sal word, kan nie op die oomblik met sekerheid voorspel word nie. Die eersgenoemde twee oplossings skyn egter meer waarskynlik te wees. Voorbeelde van mislukkings van die tipe beleid in ander wêrelddele sal waarskynlik nie veel gewig dra nie (Ethiopië).

5. Die sosiaal demokratiese skikking

Indien daar gedurende die volgende klompie jaar 'n skikking in Suider-Afrika sou wees, glo ek dat die ekonomiese stelsel wat uit die skikkingsvoorwaardes sou voortvloei, van 'n sosiaal demokratiese aard sal wees. In 'n sosiaal demokratiese stelsel, soos ek onlangs in meer besonderhede in 'n ander publikasie probeer aantoon het, word die groei van die privaat ekonomiese stelsel aangemoedig ten einde meer te investeer in die behoeftes van die armer deel van die gemeenskap. Herverdeling vind dus uit groei plaas. Beter onderwys, gesondheidsdienste en

behuising van die armer groepe geniet 'n hoë prioriteit, maar nie ten koste van ekonomiese groei nie.

Wat sal die landboubeleid in geval van so 'n skikking wees? Soos in die geval van Zimbabwe, sal daar klaarblyklik gepoog word om die produktiewe landbousektor in stand te hou. Verder sal op 'n verskeidenheid van wyses gepoog word om klein boerdery en moontlik ook koöperatiewe boerdery in die sogenaamde tuislande aan te moedig. Maar daar sal ook klaarblyklike pogings wees om grond in blanke gebied wat op die oomblik nie behoorlik geboer word nie, na swart kleinboere te herverdeel. Vergoeding vir enige grond wat herverdeel word, sal ingevolge die skikkingsooreenkoms betaal moet word. (Milner Kindergarten stelsel).

In 'n sosiaal demokratiese bedeling sal hopelik gepoog word om 'n balans te hou tussen die verwagting van die arbeiders in die stedelike gebiede dat voedselkoste so laag as moontlik gehou moet word, en die noodsaaklikheid van landboupryse hoog genoeg om produksie aan te moedig. Indien die skikking gou kom behoort dit nie moeilik te wees om ou internasionale markte te herwin nie. Hopelik sal toegang tot die Europese en die Amerikaanse markte as een van die voorwaardes vir die skikkingsooreenkoms gewaarborg wees, sodat die uitvoermark op 'n hoogs winsgewende wyse verder uitgebrei kan word. Daar behoort dus 'n vinnige groeiende vraag vir landbouprodukte te wees.

'n Sosiaal demokratiese regering sal 'n verskeidenheid van maatreëls neem om te verseker dat die posisie van die plaaswerkers verbeter. Vakbonde sal erkenning verkry en minimum lone sal waarskynlik voorgeskryf word. Heelwat sal waarskynlik ook van regeringskant in die opleiding van die plaaswerker gesteek word en die onderwysstelsel van plaaskinders sal verbeter.

Die infra-struktuur ontwikkeling van die plattelandse gebiede sal nie agterweë bly nie. Paaie sal in stand gehou word, elektrisiteit sal uiteindelik aan die meeste plase beskikbaar gestel word en die ontwikkeling van beter behuising vir plaas-arbeiders sal aangemoedig word.

Indien 'n skikking van die aard voorsien bereik kan word, sal dit myns insiens goed gaan met die landbou. Ons ekonomie behoort redelik vinnig te kan groei - in elk geval heelwat vinniger as in die geval van 'n belegekonomie - en die posisie van die landbousektor behoort redelik konstant te verbeter.

Dit is natuurlik ook moontlik dat so 'n skikking kan verkeerd loop. Ek kan omstandighede voorsien waaronder tipe beleids-maatreëls geïmplimenteer mag word wat tot die nadeel van die ekonomie as geheel en spesifiek van die landbou-sektor sal wees.

Indien 'n skikking betyds kom, is ek egter vol vertroue dat dit goed sal gaan met die Suid-Afrikaanse ekonomie in die algemeen, en met die landbousektor in besonder. Die handhawing en die vinnige uitbreiding van die produksie kapasiteit van die landbousektor sal van so 'n groot belang vir die regering wees, dat daar waarskynlik groot moeite gedoen sal word om die huidige produktiewe boerderye te versterk. Klaarblyklik sal alle diskriminerende wetgewing verdwyn, maar die goeie boer sal nie van sy plaas afgestoot word nie. Die teendeel is eerder waar.

Oor die moontlikheid dat 'n skikking betyds bereik sal word voordat 'n meer radikaal sosialistiese stelsel ons voorland is, kan ek op die oomblik net spekuleer. Persoonlik is ek nie te optimisties dat 'n skikking voor hande is nie. Aan die een kant is dit onwaarskynlik dat die huidige regering werklik bereid sal wees om 'n demokratiese bedeling daar te stel - 'n voorwaarde vir enige suksesvolle skikking. Aan die ander kant mag dit wees dat die radikale retoriek al soveel inslag gevind het in weerstandskringe dat die groepe nie bereid sal wees om ernstige oorweging te gee aan die sosiaal demokratiese kompromie nie.

Ons moet egter nie die moontlikheid van 'n skikking in die volgende paar jaar ontken nie. Aan die een kant is Rusland besig om geweldige druk op die ANC te plaas om 'n skikking te bereik. Aan die anderkant is dit duidelik dat die Weste, veral in die persoon van Margaret Thatcher, sterk druk op die Suid-Afrikaanse regering sal plaas om 'n skikking te bereik. Verder is ek ook oortuig dat 'n skikking meer waarskynlik sal word as meer besin word oor die implikasies vir die Suid-Afrikaanse ekonomie indien geen skikking bereik word nie.

Laat ons hoop dat die sosiaal demokratiese kompromie wel bereikbaar is, andersins sal die lang en vernietigende stryd onafwendbaar ons ekonomiese potensiaal permanent ondergrawe. Suid-Afrika kan die Japan van Afrika word, maar dit kan ook soos Argentinië 'n land word wat op 'n stadium 'n groot ekonomiese potensiaal gehad het, maar wat op die ou end as gevolg van die verkeerde keuses agteruitgegaan het.

---oOo---